Kort rompe hoogmode

Die New Yorkse modeweek is onlangs op die planke gebring met modes vir die Lente-versameling van 2009. LEEFSTYL wys vir jou dié modes.

Kort rompies met bypassende baadjies met blink patrone is die nuwe tendens.

'n Model vertoon die Verrier-lenteversameling. **Foto's: REUTERS**

Kort rompies is weer hoogmode.

Die model lyk sprankelend met die vloeiende wit rok met patrone op die Rock & Republic se modeskou by die New York-modeweek.

'n Model dra 'n rok geskep deur Isaac Mizrahi op die New York-modeweek.

'n Model met 'n skepping van Andy en Debb op die modeweek.

Nog 'n model met blink patrone op haar rok van die Verrier-lenteversameling.

'n Model wys 'n uitrusting van die Malandrino-lenteversameling. Groot klem word op bykomstigheid soos dié gelê.

Nuwe gesig doen wondere

mooi leef
tanya van heerden

Een ding is seker: Enige vrou kan doen met 'n oormaaksessie. Nie net lyk jy beter nie, maar jy voel stukke beter oor jouself en sien dan weer kans om die wêreld aan te durf.

Dít is ook hoe Martie Bekker voel nadat sy die kompetisie gewen het.

Loanda Blewett, 'n konsultant van Chata Romano, het met Martie se voorkoms gewerk en die Crimpers-haarsalon is verantwoordelik vir die ongelooflike nuwe haarstyl.

Hier is wat Martie vir *Leefstyl* te sê gehad het.

Voor **Foto: VERSKAF**

Ná

Wat was jou reaksie toe jy gehoor het jy het die oormaaksessie gewen?

Ek was so verbaas, want ek het gedink iemand anders het dit gewen. Ek het vir Loanda gesê: "Jy's nie ernstig nie."

Hoe voel jy ná jou oormaaksessie?

Soos 'n nuwe mens van binne en buite. Dit het my laat besef hoe belangrik dit is om na jouself te kyk.

Wat sou jy sê was vir jou die grootste verandering omtrent jouself?

Ek is meer selfversekerd en probeer meer moeite doen met myself. Ek voel regtig goed.

Hoe hou jy van jou nuwe haarstyl en is dit maklik om dit so te hou soos op die foto's?

Ek is gek daaroor. Dit is 'n gemaklike styl en heeltemal iets nuuts. Ek probeer dit so hou, maar ek sal dit nooit so mooi kry soos Crimpers dit vir my gedoen het nie.

Hoe het jou selfbeeld van voor die sessie tot ná die sessie verander?

Dit het geweldig baie aan my selfbeeld gedoen. Ek voel selfversekerd en voel baie jonger en sommer ligter in die gemoed. Ek het voor die sessie elke dag dieselfde gevoel. My hare was altyd net reguit, my grimering was alles vinnig en dieselfde gedoen, maar ná die sessie het ek besef hoe jy eintlik alles vir jou kan opwindend maak en elke dag iets nuuts probeer met jou grimering, kleredrag en selfs jou hare. Dan voel jy outomaties meer selfversekerd.

Martie Bekker is baie in haar skik met die oormaaksessie. **Foto's: DEON FERREIRA**

Wat is die beste kompliment wat jy tot dusver ontvang het?

"Ek het jou nie eens herken nie."

Hoe het jou man, kinders en ander familie gereageer toe hulle jou die eerste keer ná die oormaaksessie gesien het?

My man het verby my gery. Hy het nie besef dit is eintlik ek nie, toe draai hy om toe ek vir hom waai en sê toe: "My vrou, ek het nie besef dis jy nie."

My kinders het my so aangekyk toe ek hulle by die skool gaan haal en toe kom die glimlaggies toe hulle besef dis eintlik hulle mamma. Hulle sê toe: "Mamma, jy is so mooi!" My ander familie bly nie hier nie, maar hulle wag vir die foto's.

Wat het dié ervaring vir jou beteken?

Dit is iets wat 'n mens nie in woorde kan beskryf nie. Dit doen soveel aan jou as 'n mens en veral as vrou.

Wat het jy uit dié ervaring geleer wat vir jou baie beteken of wat jou vorentoe kan help?

Dit het my weer laat besef hoe belangrik dit is om die skoonheid wat ons as vroue gekry het te versorg.

As jy vandag mooi lyk, dan inspireer jy 'n ander vrou om dit ook vir haarself te doen, want ons almal wil tog goed voel oor onsself. Loanda het my baie geleer oor hoe belangrik kleure, grimering en klere vir jou is.

Die boek deur Chata Romano wat ek as geskenk gekry het, is wonderlik.

'n Mens sien alles so as vanselfsprekend soos byvoorbeeld jou liggaam, maar jy besef nie dat jy 'n unieke iets aan jou eie liggaam het wat jou kan laat sprankel nie.